Oskar, die Wag-vark

deur Pandora Alberts

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

DIEP RIVIER
M&D SMIT
CBL 4

Oskar, die Wag-vark

Ver weg van die stad, aan die einde van 'n lang grondpad, was daar 'n plaas met die naam “Diep Rivier.” Willem het daar saam met sy ouers en sy klein sussie Annemarie en twee spelerige skaaphonde, Sokkies en Pop, gewoon.

Willem se vader was 'n boer. Hy het skape vir wol, en hoenders vir hul eiers aangehou. Daar was groente-tuine en baie vrugtebome vol appelkose en pere en vye. Hulle het ook 'n pragtige geel koei, Saartjie, gehad wat emmers vol lekker romerige melk vir die kinders gegee het om te drink. Hulle mamma het kaas en jogurt gemaak van die melk.

Willem en Annemarie het geweet hulle is gelukkig om op 'n groot plaas met 'n rivier te bly. Dit was verbasend om te sien hoe goed Sokkies en Pop die skape oppas. Oestyd was die beste tyd van die jaar.

Eendag het hulle pa 'n klein varkie van hul bure huistoe gebring. Die varkie was klein en pienk met 'n rubberige, snuffelrige neusie en blink ogies.

“Hy is net twee dae oud. Sy ma het te veel ander babas, nou is hy vir ons gegee om groot te maak,” het Pappa gesê.

Annemarie het die varkie Oskar genoem. Sy het Oskar toegedraai in 'n kombers en hom met 'n bottel gevoer. As sy magie vol was, het sy hom oor haar skouer gegooi om die winde uit te kry soos 'n baba!

Hy het snags in 'n kartondoos langs haar bed toegedraai in sy kombersie geslaap. Die kinders het daarvan gehou om te sien hoe hy rondskarrel op sy kort beentjies met die oortjies wat so flap.

Hy het vreeslik hard geskree as hy alleen gelaat word. Dan het die kinders vinnig gehardloop om hom op te tel en vas te hou. Hy het gou-gou geleer om buite saam met Sokkies en Pop te piepie en te poef.

“Hy's so slim,” het Willem gesê. “Ons kan hom allerhande toertjies leer.”

Hulle pappa was bekommerd. “Moenie te lief raak vir Oskar nie,” het hy gewaarsku. “Ons gaan nog eendag spek en wors van hom maak.”

“Wat?” het Willem en Annemarie gekla. “Oskar eet? Hoe kan ons so 'n vreeslike ding doen? Oskar is ons maatjie!”

“Dis 'n plaas hierdie, kinders, ” het Pappa ernstig gesê. “Hier laat ons dinge groei vir kos. Varke word grootgemaak vir kos.”

“Nie Oskar nie,” het Willem sy kop geskud. “Ek gaan 'n vegetariër word. Ek gaan nooit weer vleis eet nie.”

“Jy's te jonk om dit te besluit,” het Pappa gesê. “Trek nou jou modder-stewels uit en tap badwater in. Moenie julle bekommer oor hierdie vleisstorie nie.”

Maar die kinders was bekommerd.

Gedurende die volgende paar maande het Oskar gegroei en gegroei. Hy het spekvet geword en 'n pragtige pels met silwer haartjies gekry. Sy vet wangetjies het sy gesiggie pragtig en vriendelik laat lyk.

Wanneer die kinders van die skool af gekom het, het hy saam met Sokkies en Pop gehardloop om hulle te groet. Hoe groter en vetter Oskar geword het, hoe banger het Willem geword. Eendag was Oskar nie meer by die skaaphonde nie.

Oskar is weg!

“Waar is Oskar?” wou die kinders weet. Pappa het sy kop geskud. “Moenie so baie vrae vra nie! Gaan doen julle huiswerk,” het hy gesê.



Oskar was toegesluit in 'n stoorkamer. Dit was tyd dat hy vir spek en wors geslag word!

“Hoekom? Hoekom? Julle kan dit nie doen nie,” het die kinders gehuil.



“Ons het die vleis nodig,” het hulle Mamma gesê. “Julle het al baie wors geëet. Julle hou daarvan. En hoe kan ons op 'n plaas boer sonder om van die plaasdiere te eet?”

“Ek haat die plaas!” het Willem gehuil. “Ek wens ons het in 'n dorp gebly en ons kos by die winkels gekoop!”

“Wel, waar dink jy kry die winkels hulle vleis vandaan?” het Pappa gevra.

“Los net vir Oskar uit!” het Willem kwaai gesê. Albei kinders is huil-huil bed toe gestuur.

“Ek dink ons het hierdie besigheid sleg hanteer,” het Willem sy Pappa hoor sê toe hy die kamerdeur toemaak.

Die plaas is aan die brand

In die middel van die nag het Willem wakker geword van 'n vreeslike geskreeu. Iets was baie verkeerd. Sokkies en Pop het rondgehardloop met hul sterte tussen hul bene. 'n Vreesaanjaende rooi gloed het buitekant die kinders se kamervenster geflikker. Willem het die gordyne weggetrek.

Dit was ‘n vreeslike gesig. Oranje vlamme het deur die appelkoosbome geloer. Die skuur was aan die brand. Vonke het hoog in die donker nag opgeskiet, soos miljoene kwaai bye. Die skerp ligte van die motors het oral rond-geflits.

Daar was 'n harde kraakgeluid toe nog groter vlamme skielik uitbars by 'n stoorkamer vol heiningpale.

“PA! MA! DIE PLAAS IS AAN DIE BRAND,” het Willem angstig gegil. Mamma en Pappa het uit die bed gespring, uit die huis gestorm, en hul baadjies en stewels aangetrek soos hulle gehardloop het.

Die vreeslike geskree en gekerm het harder en harder geword.Dit was Oskar, toegesluit in die stoorkamer!

Toe was daar 'n groot deurmekaarspul.

Water is uit die rivier en damme gepomp. Verstikkende rook het reg rondom die plaashuis geborrel. Sokkies en Pop het braaf die skape in die veld gejaag en hulle opgepas.

Waar is Oskar?

Willem en Annemarie is na die buurplaas geneem vir skuiling. Net na son-op het hulle pappa hulle gaan haal. Sy gesig was swart van die roet; daar was gate in sy hemp gebrand en sy oë was rooi. Hy was uitgeput maar het geglimlag.

“Die plaas is gered,” het hy gesê. “Ons het wonderlike hulp gehad. Die skuur is beskadig en ons het 'n paar bome verloor, maar die huis en al die diere is veilig. En dis te danke aan Oskar en jy, Willem, wat ons gewaarsku het. Sonder julle twee kon dit baie erger gewees het.”

“Waar is Oskar?” het Willem gevra.

“Oskar is veilig,” het Pappa gesê.” Ek dink hy het vir ons gewys wat 'n goeie wag-vark hy is. Miskien kan ons klaar-kom sonder 'n bietjie spek.”

Willem en Annemarie het gillend in hulle pappa se roet-arms gespring. “Oskar is veilig! Oskar is veilig!”

Tyd of fees te vier

Die volgende dag nadat die plaaswerf skoongemaak is, het hulle ‘n groot partytjie gehad. Daar was sóveel om voor dankbaar te wees. Oskar is bederf met 'n groot emmer vol pampoen en waatlemoen, sy gunsteling lekkernye!

En dis nou die storie van hoe die plaas Diep Rivier sy wag-vark gekry het.



Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST